

Die Bok-losskakel Manie Libbok en sy bruid, Verna Arries, het trou beloof op Groot-Brakrivier.



Die twee het mekaar op die skoolbanke al raakgesien, en hulle romanse het op 'n sierlike bruilof vol liefde en vreugde uitgeloop

Deur **JOY JANUARY**

SEETROUE VIR 'N WENSPAN

DIE sagte klank van branders vul die lug met 'n kalmerende ritme terwyl die vars seebriesie almal omvou. Die helder, blou lug smelt saam met die diepblou waters van die oseaan, 'n pragtige agtergrond vir die luukse troulokaal Seeplaas op Groot-Brakrivier. 'n Idilliese omgewing waar liefde en vreugde gevier word.

Verna Arries het gehoop en gebid vir 'n perfekte dag, sonder enige reën of wind, en dit het sy gekry. Onder 'n helder hemel gaan sy en haar geliefde vandag hulle beloftes uitruil.

Manie Libbok, die Bok-losskakel wat aan Suid-Afrika bekend is as 'n dinamiese speler op die veld, staan vol afwagting in die kapel.

In sy stylvolle sandbruin pak, met sy rug na die ingang gedraai, probeer hy sy senuwees bedwing. Sy hande is klam en sy hart klop vinniger as gewoonlik. Hy weet die oomblik gaan binnekort aanbreek dat hy sy geliefde vir die eerste keer as sy bruid sien.

Agter in die paadjie verskyn die eerste tekens van haar noupassende wit satynrok met die vloeiende romp.

Verna, 'n onderwyseres, stap die kapel binne met 'n elegansie wat almal se asem wegslaan. Haar rok, 'n meesterstuk van eenvoud en smaak, omhels haar figuur perfek.

Manie draai om en dié groot kêrel se oë traan van blydskap wanneer hy sy skoonheid sien. Saam met haar pa, Edwin, kom sy glimlaggend aangestap op die note van "You Are the Reason" van Calum Scott, terwyl die gaste haar met bewondering aankyk. Dié liedjie is die bruidspaar se gunsteling sedert hulle agt jaar gelede begin uitgaan het.

Edwin kyk trots na Manie en druk hom toe hy sy jongste kind en enigste dogter weggee.

IN DIE Seeplaas-troukapel, gevul met 120 gaste wat almal in swart uitgedos is, spreek past. Leon Prinsloo die paartjie met warmte en deernis toe. Hy verwelkom die gaste hartlik en beklemtoon hoe spesiaal dit is om hierdie besonderse geleentheid by te woon. Die pastoor vertel hoe lank die paartjie daarna uitgesien het om hulle troue hier langs die see te vier. Reeds toe hulle saam aan die Hoërskool Outeniqua was, kon hy al sien hulle is vir mekaar bestem. "Hy was skaam en Verna sprankelend en spraaksaam, saam vorm hulle 'n wenspan," sê hy met 'n breë glimlag.

Daarna lees hy uit Prediker 4:9, wat beklemtoon dat twee beter is as een, en gee die paartjie raad vir 'n suksesvolle huwelik. Wanneer hy uiteindelik aan Verna en Manie die vraag stel of hulle mekaar as huweliksmaats aanvaar, antwoord albei met 'n besliste "ja" wat geen twyfel oor hulle gevoelens laat nie.

Die kostelike ringdraer kom nader – Verna se peetkind, Colton Gysman, haar niggie se vyfjarige seuntjie, kom in 'n klein BMW-speelkarretjie aangery. Hy oorhandig die ringe met 'n trotse glimlag aan Manie en gaan sit dan op Verna se pa se skoot. Nadat die pastoor die ringe geseën het, plaas die bruidspaar hulle hande op 'n Bybel, lê 'n eed af en hoor hulle is nou amptelik man en vrou.

Dis tyd vir die eerste amptelike soen, wat 'n luide applous, toejuiging en selfs 'n paar fluite ontlok. Toe die egpaar Libbok uiteinde- ➤



'HY WAS SKAAM EN VERNA SPRANKELEND EN SPRAAKSAAM, SAAM VORM HULLE 'N WENSPAN'

Ná 'n sewe jaar lange verhouding het Manie verlede jaar in Julie die jawoord gevra.



Hy't geweet Verna is die een vir hom ná hulle heel eerste ontmoeting op hoërskool.



Die pasgetroudes stap deur 'n reën van wit roosblare.

‘VERNA IS MY STEUNPILAAR EN EK DINK NIE EK SOU DIT SO VER GEMAAK HET IN DIE LEWE SONDER HAAR NIE’



Ná ’n langafstandverhouding het hulle bewys die liefdesvlam kan nie sommer geblus word nie.

Elk hand aan hand uit die kerk kom, wag die gaste hulle in twee rye in. Wit roosblare reën oor hulle neer.

MANIE, oorspronklik van Humansdorp, was in gr. 11 toe hy by die Hoërskool Outeniqua op George aangesluit het. Sommer gou het hy die fraaie Verna in van sy klasse opgemerk.

Verna onthou die oomblik helder. “Toe ek hom die eerste keer sien, het hy vir my voorgekom soos iemand wat weet wat hy wil hê, baie passievol en ’n go-getter.”

Manie, op sy beurt, was ook beïndruk met wat hy gesien het. Die twee het beste vriende geword en Manie het geweet hy moes sy gevoelens teenoor Verna openbaar voor hulle matriek voltooi. Net voor die matriekeindeksamen het Manie die moed bymekaargeskraap om sy ware gevoelens teenoor Verna te deel. Verna het Manie as ’n vriend leer ken en waardeer, en sy het geweet hy sou eendag ’n goeie man wees. “Ek het baie gehou van die tipe persoon wat hy is,” sê sy. Sy het egter gevoel dat sy nog nie gereed was vir ’n verhouding nie en het eers net vriende met Manie gebly. Tog het hulle steeds saam tyd deurgebring.

Ná matriek het hulle kontak behou, en ses maande later het Manie vir Verna laat weet hy gaan deur George ry en sou haar graag wou sien. Toe die twee se oë weer op mekaar val, het die liefde dadelik geblom. Verna het besef sy is gereed vir ’n verhouding met Manie. Haar gevoelens was so duidelik dat sy ná die ontmoeting vir hom ’n stemnota gestuur het waarin sy die liedjie “Dear Future Husband” van Meghan Trainor sing.

Verlede jaar in Julie het Manie daardie voorspelling van haar waar gemaak toe hy op ’n wynplaas in Durbanville, op die sewende herdenking van hulle verhouding, op sy knie gegaan het.

In die jare wat hulle saam is, het Verna ook ál liewer vir rugby geword. Op hoërskool het sy net een van sy wedstryde gaan kyk, maar deesdae ondersteun sy hom gedurig.

In die agt jaar wat hy pal op rugbytoere was en hulle mekaar dikwels nie kon sien nie, het hulle bewys dat die liefdesvlam nie geblus kon word nie. Minder as ’n maand voor die troue het *Huisgenoot* by die twee ingeloer en albei het vertel hoe hulle na die dag uitsien. “Ek kan nie wag om my lewe saam met hom deur te bring nie,” was Verna se woorde.

“Baie opgewonde,” het Manie beaam en sy oë na sy toekomstige vrou gedraai. “Ek het altyd geweet sy is die een.”

DIE res van die aand is daar ’n magiese atmosfeer wat soos ’n sagte deken van vreugde en liefde oor die gaste gesprei is.

Terwyl die bruid en bruidegom hulle troufoto’s gaan neem, wag die gaste langs die onthaallokaal.

Die rusbanke met tafels vol ingevoerde bier van Thailand skep ’n gesellige atmosfeer. Party gaste speel putt-putt en Jenga, terwyl die see se golwe ritmies voor hulle breek.

Binne verlustig die gaste hulle aan die geregte wat vir hulle voorgesit word. Daar is gin-en-tonic asook verfrissende sappe in oorvloed.

Die geur van risottokoekies met kaas en biltong hang in die lug, terwyl broodjies met ’n verskeidenheid smere soos gerookte hoender, snoekpatee, camembert met vye, en salami die gaste heerlik verlei.

Hoewel dit ’n intieme troue is, het Manie gesorg dat sy rugbymaats ook die spesiale dag kan bywoon.

Sy skopafrigter Gareth Wright, fisioterapeut Aunerin Robin en agent Reghard van Dyk het ver gereis om hierdie geleentheid by te woon. Die jong Bokspeler Grant Williams vertel glimlaggend hoe spesiaal dit is om te sien sy rugbymaat trou eindelik met sy droomvrou.

“Manie het by die Sharks opgedaag in covid-tyd en ons het van toe af ’n lang pad saam gestap – ’n pad vol downs meer as ups. Hy is ’n ongelooflike mens en persoonlikheid en sal altyd uit sy pad uit gaan om ander te help.”

“Ek weet hulle sal ’n sterk paartjie wees,” sê die voormalige Springbok Juan de Jongh. “Hy het ’n goeie hart en is altyd daar om mense te help. Die dissipline wat hy op die veld het, sal ook eendag help as die kleintjies aan boord kom.”

Die tafels is eenvoudig en elegant, met ’n kleurskema van wit en swart. Elke gas het ’n enkele wit roos in ’n gladde vaas. Die seremoniemeester, Anslin Gysman, stel mnr. en mev. Libbok aan die gaste voor, en almal klap hande toe die egpaar ingedans kom, sy met haar hartvormige sonbril. Die vier strooijonkers en vier strooimeisies kom ook dansend na binne en die 10-stuks maak uiteindelik ’n kring vir ’n verdere dansie voor hulle hulle plekke inneem.

Die pa-en-dogterdans ontlok sommer baie trane.

Die toesprake is vol liefde en humor, en elkeen gee ’n unieke blik op die paartjie se reis. Casey van Heerden, Verna se boesemvriendin van universiteitsdae af, vertel in haar toespraak hoe Manie altyd vir Verna rose gestuur het en hoe sy dit geniet het as hy elke keer nadat hy ’n drie gedruk het aan sy oor geraak het om vir haar te laat weet die drie is vir haar gedruk.

Verna se ma, Marilyn Arries, vertel trots die fondament is reg gelê vir die paartjie se toekoms. En Verna se pa sê met ’n glimlag hy het sy dogter aan Manie gegee met die belofte dat hy haar met sy lewe sal beskerm.

Manie moet natuurlik self ook ’n toespraak maak en skop af deur verskoning te vra dat hy nie ’n man van baie woorde is nie. Tog wil hy dit duidelik maak hoe trots hy op Verna is.

“Aan Verna, of aan my vrou, wil ek net sê baie dankie vir die mens en partner wat jy is vir my.

“Verna is my steunpilaar en ek dink nie ek sou dit so ver gemaak het in die lewe sonder haar nie, want mens gaan deur tawwe tye in die lewe en dan kort jy daai persoon wat jou bystaan en jou regop hou, jou aanspoor en aanmoedig, om aan te gaan en te vergeet van dinge. En sy is daai vir my.”

DIS ’n aand wat bestaan uit dans, lag, en die deel van stories. Die gaste drink die magiese atmosfeer in en die see se sagte geruis verskaf kalmerende agtergrondmusiek.

Ná die sny van die troukoek en die gooi van die blomme open die bruidspaar die dansbaan.

So vlugvoetig soos wat Manie op die rugbyveld is, is hy ook hier op die dansvloer.


Hier gaan die gaste tot laat dans en kuier, en almal is sielsgelukkig.

En so – vol skoonheid en vreugde – begin Manie en Verna se huweliksreis saam. Volskoot. ❏



LINKS: Die onthaal was ’n visuele fees, met ’n uitmuntende uitsig op die see, ’n groot kandelaar en feetjieliggies wat die atmosfeer laat gloei het. REGS: Die troukoek is gemaak deur Sweet Joy Wedding Cakes, wat in die Tuinroete bedrywig is.





Die gaste het mal gegaan toe die troupaar ingedans kom.



Manie haal die kousband versigtig en baaaie stadig van sy vrou se been af.



LINKS :Die Springbokspelers Lukhanyo Am (links) en Grant Williams het die Libbok-troue bygewoon. REGS: Die voormalige Bokspeler Juan de Jongh (links) saam met die Westelike Provinsie-rugbyspeler Clayton Blommetjies.





Van links is Verna se ouers, Edwin en Marilyn Arries, Verna, Manie, sy ma, Lena, en oom Jan Swini.

BORGE: LIEZEL VOLSCHENK PHOTOGRAPHY – FOTOGRAAF; ELBETH GILLIS – TROUROK- EN ONTHAALROKONTWERPER; SWEET JOY WEDDING CAKES – TROUKOEK; KDT COMMUNCATIONS & SPORTS JVS FILM PRODUCTION – VIDEOGRAAF; ALDO SHOES – BRUID EN BRUIDEGOM SE SKOENE; HENNESSY SUID-AFRIKA, SAZI NGCOBO EN SIYABONGA MAPHALALA – AMARI WINES, LUXXOTICA – RAY BAN-SONBRIL; G-STAR SUID-AFRIKA – G-STAR RAW-T-HEMDE VIR BRUIDEGOM EN STROOIJONKERS; NIKE SUID-AFRIKA – SKOENE VIR DIE GEVOLG; FANCY FUNCTIONS – DEKOR

ER LOMBARD, LIEZEL VOLSCHENK PHOTOGRAPHY